# GELDSAKE

# Deel 3 – Die Beginsel van Eerste en Beste

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe is daar oor geld vir die kerk / offergawes / kollekte in jou huis gepraat toe jy groot geword het? Watter invloed het dit op jou denke oor God en geld gehad?**

**Watter emosionele toestand wek dit by jou wanneer mense oor *tiendes en offergawes* praat of vra? Hoekom dink jy is dit so?**

**Wat dink jy van die stelling: *"As dit kom by gee, dink ons in terme van bedrae, maar God dink in terme van persentasie"*? Watter invloed het dit op hoe ons gee?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Spreuke 3:5-10. Dink jy vers 5 en vers 9-10 hou verband met mekaar? Hoe kan ons vers 6 toepas in ons finansies?**

---

---

**2 Korintiërs 9:7-11. Dink jy aan God as 'n blymoedige Gewer? Watter invloed het ons gesindheid op dit wat ons gee? Wie voorsien die saad om te gee volgens hierdie gedeelte?**

---

---

---

**Lees weer vers 7 saam met Eksodus 23:19. Sou jy sê jy het 'n definitiewe voorneme oor wat jy elke maak gaan gee? Sou jy sê jou voorneme om aan God te gee is wel die beste en die eerste? Verduidelik.**

---

---

---

**Matteus 6:31-33. Hoe sluit hierdie woorde van Jesus aan om vir die Here die eerste en beste van ons finansies te gee? Wat is die ondertoon van hoekom ons sukkel om te gee volgens Jesus in hierdie gedeelte?**

---

---

---

**Matteus 6:21. Hoe dink jy oor hierdie woorde van Jesus? In watter rigting beweeg jou hart volgens die huidige prioriteite in jou finansies?**

---

---

---

**Matteus 23:23. Baie mense sê die beginsel van tiende is in die Ou Testament. Wie is aan die woord in hierdie vers? Wat sê Hy oor die tiende in hierdie vers?**

---

---

---

**Lees Hebreërs 11:6. Hoe kan jy hierdie week die prioriteite in jou finansies evalueer? Watter rol dink jy sal geloof en vertroue in God daarin speel?**

---

---

---

**Lees Filippense 2:13. Skryf 'n gebed neer van hoe God jou gewillig en bekwaam kan maak in die area van jou finansies en die prioriteite in jou finansies.**

---

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---